KOMMUNIKAMMA 25 OKTOBER 2026

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Om op hoogte te bly van gemeentenuus, nooi ons jou uit om by die WhatsApp groep van die gemeente aan te sluit. Slegs die Administrasie van die groep sal boodskappe kan laai. Neem asb. kennis dat, indien jy by die groep aansluit, ander persone op die groep, soos by enige ander WhatsApp groep, jou kontakbesonderhede sal kan sien. Indien jy by die groep aansluit, gee jy toestemming daartoe.
Kontak asb. vir Niekie indien julle enige navraag het.
Volg die skakel om aan te sluit by die WhatsApp groep
of skandeer die QR kode met jou foon
https://chat.whatsapp.com/F4wky8GcVp6I9T2ilwCvAu?mode=gi_t

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 25 Oktober

Hervormingsfees en 10de maand dankoffer
08:30 EIETYDSE DIENS, POPPEKAS EN KLEUTERKERK
09:30 KATEGESE
10:00 KLASSIEKE DIENS
18:00 LEEF@KERK

Skriflesing: Matt 7:15-23
Tema: Goeie bome dra goeie vrug

Die bedienings dankoffer in die houtkassies is vandag 'n Sinodale Dankoffer vir Hulp aan Gemeentes.

Maandag 26 Oktober

12:45 GEBEDSKILD
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

18:00 VIA AFSLUITING
Die dames sluit die jaar af op 'n kreatiewe manier af. Op Maandag 26 Oktober kuier die dames saam, terwyl elkeen 'n Kersfees Krans maak en versier. Bring jou ring en oorskiet lappies saam, of kontak Marisa indien jy enigiets moet aankoop. Bring 'n piekniek mandjie en drinkgoed saam en kom sluit die jaar op 'n hoogtepunt af. Vir meer besonderhede of om jou plek te bespreek, kontak Marisa van Wyk (082 493 6258)

Vrydag 30 Oktober

05:00 MANNEGROEP
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205) vir meer besonderhede.

Sondag 1 November

09:00 NAGMAAL
10:00 KATEGESE
18:00 LEEF@KERK

EREDIENSTYE
Vanaf 1 November tot 10 Januarie 2027 is daar net een gesamentlike erediens om 09:00 in die oggend. Die gemeente se Kerssangdiens verskuif na Sondag 29 November 2026 om 09:00. Op hierdie Sondag gaan Gustel al 08:30 begin met ‘n spesiale orreluitvoerig. Almal is welkom om vroeër te kom en dit saam te kom geniet. Ons orrel is hierdie jaar 50 jaar oud.
Die dienste op 8 en 15 November is nie Kerssangdienste soos op die almanak aangedui nie, maar wel gesamentlike eredienste om 09:00.

GEBEDSAKE:
- Gemeentebeplanning vir 2027.
- Gemeentes, ook hier in ons stad, wat groot uitdagings ervaar.
- Margita Marx, wat by die huis herstel, nadat sy in die hospitaal was.
- Gerida van der Merwe en Zalita le Roux wat behandeling kry.
- Matrieks, ander leerders, studente en persone wat eksamen skryf.
  Lumé Barnard; Liam Blignault; Maynard Crouse; Meke de Vries; Jaycee Diedericks; Stèphan Dolphin; Malan du Preez; Teneal Els; Mari Geissler; Wian Holtzhausen; Kiara Hough; Anlo Kruger; Emma Olivier; Eben Peens; Matthys Potgieter; Miané Saunders; Kaley Schellingerhout; Cherize Schutte; Enye Smit; Gunter Strauss; Risto Strydom; Zandri Stumke; Paul van Heerden; Amoré van Onselen; Crishke van Zyl; Andries Vorster en Emma Wepener.
- 10de Maand dankoffer.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir gelowige broers en susters in daardie lande.
- Die konflik in die Midde-Ooste. Bid vir langtermyn vrede.

THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK
Bid dat God die klein Christengemeenskappe in die **Midde-Ooste** sal versterk en hulle sal beskerm wanneer hulle vervolging in die gesig staar, sodat hulle geloof onwrikbaar sal bly. Bid dat hulle hoop helder sal bly en dat hulle sal voel dat die wêreldwye liggaam van Christus hulle ondersteun.

FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK
Dit raak meer uitdagend om die evangelie openlik te verkondig. Of dit weens regsinperkings of kulturele teenstand is, FEBA se personeel moet baie mishandeling en ontmoediging verduur. Die behoefte aan die evangelie is egter groter as ooit en dit spoor FEBA aan om in die geloof te volhard en nuwe maniere te vind om die Goeie Nuus op die moeilikste bereikbare plekke op aarde te deel. Bid dat elke FEBA-werker God se nabyheid sal ervaar en krag daaruit sal put, en dat hulle voortdurende bemoediging deur die Heilige Gees sal ontvang.

50 DAE GEBEDSGIDS
‘n 50 Dae gebedsgids vir die 2026 plaaslike verkiesing is op die webblad geplaas. Daar is ook ‘n paar gedrukte kopieë in die voorportaal beskikbaar.
Gesinne en Huishoudings
Skriflesing: Josua 24:15 — “Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies julle dan vandag wie julle wil dien, òf die gode anderkant die Rivier wat julle voorouers gedien het, òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon. Maar ek en my huis, ons sal die Here dien.”
Gebed: Vader, laat huishoudings terugkeer na eerbied en ontsag vir die Here. Laat U Woord weer ’n sentrale plek inneem aan etenstafels en tydens gesinsbyeenkomste. Here, verbreek die houvas van vaderloosheid wat hierdie nasie teister. Laat vaders opstaan en aktief by die opvoeding van hulle kinders betrokke wees. Ons bid ook dat U geroepe leiers sal laat opstaan om as rolmodelle en mentors vir vaderlose kinders en jongmense op te tree.
Geloofsverklaring: Ons verklaar in geloof dat vaders in ons huishoudings sal opstaan om met goddelike wysheid en insig op te voed, te lei, te voorsien en raadgewend op te tree. Ons verklaar in geloof dat gesinne genesing sal ervaar in Jesus se Naam.

KERSMARK
Die gemeente bied op 6 en 7 November ‘n Kersmark in die kerksaal aan. Kosstalletjies is vir diensterreine beskikbaar as fondsinsameling. Daar is ook stalletjies beskikbaar vir privaat verkope. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting.

KATEGESE PROGRAM KWARTAAL 4

Datum	Kraggakamma Gemeente Kategese 2026
25 Okt.	Gesprek 09:30
1 Nov.	Gesprek 10:00 (Nagmaal)
8 Nov.	Gesprek 10:00
15 Nov.	Kategese afsluiting 10:00
1-3 Des.	Tiener Staptoer (Graad 7-12)

KERSMARK

Die gemeente bied op 6 en 7 November 'n Kersmark in die kerksaal aan. Kosstalletjies is vir diensterreine beskikbaar as fondsinsameling. Daar is ook stalletjies beskikbaar vir privaat verkope. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting.

FONTEINVRIENDE BYEENKOMS – Kom deel in 'n pot vol vreugde

Hierdie jaarafsluiting en lekker saam eet vir afgetrede persone vind plaas op Donderdag 11 November om 11:00 in die kerksaal. Kostes is R60.00 per persoon. Jy is welkom om jou eie glase en wyn te bring. Kontak vir Linda, sel: 082 402 4396, voor 10 November indien jy wil kom saamkuier.

NUWE LIDMATE

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek 'n klererak waaraan klere in hul 2de handse winkel opgehang kan word.
Hulle benodig ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

STELLA LONDT AFTREEOORD MARK

Stella Londt Aftreeoord hou op Saterdag 31 Oktober 'n heerlike saamkuier mark Lekker eetgoed, witolifante en koffiewinkel sal vanaf 09:00 aangebied word. Kom kuier saam by die aftreeoord en ondersteun hierdie fondsinsamelingspoging.

GOD'S KAROO WOMEN KONFERENSIE 2026

Die God's Karoo Women Konferensie vind 30 Oktober tot 1 November 2026 by die Mentors Country Estate in Jeffreysbaai plaas. Die registrasiefooi hierdie jaar slegs R300 per persoon vir die naweek. Die sprekers is Michelle Eybers, Candice van der Rheede en Zane Meas. Besoek www.godskaroowomen.co.za vir meer inligting of registrasie of kontak 071 398 6397 of Felicity Murray (073 240 9043) indien jy enige navrae het.

AMIRA WILLIGHAGEN IN KONSERT SAAM MET DIE ARBITRIO MANNEKOOR

NG Gemeente Patmos bied op Woensdag 2 Desember om 18:30 hierdie eenmalige konsert aan. Kaartjies kos R120.00 per persoon en kan by die Quicket of die kerkkantoor aangekoop word. Kontak Elizna (083 258 9860) vir meer besonderhede.

UITNODIGING OM DEEL TE WORD VAN DIE GEMEENTE SE SANG EN MUSIEKBEDIENING

Ons versoek almal wat die gawe van sang of musiekmaak het om saam te kom dien. Kontak asb met een van die bandleiers of met ons orrelis, Gustel. (Gustel Agenbag - 082 899 3804; Frans Krause - 083 452 6396 of Jannie Peens – 082 563 2457)
Oudisies sal gedoen word.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

25 Oktober	Anna Coetzee, Marco Muller
26 Oktober	Debbie Jansen, Anne Louw, Jean-Mari Mulder, Jacques Terblanche en Dominique van Niekerk
27 Oktober	Stephen Aylward, Dewan Bezuidenhout, Chris Smith en Liane Vlok
28 Oktober	Adéle Boshoff, Danie Cronjé, Pieter de Bruin, Lynette Rust en MJ van der Merwe
29 Oktober	Anne-Miecke Buys en Hennie van Loggerenberg
30 Oktober	Charmaine de Klerk, Derek du Plessis, Phillip Kemp, JD le Roux en Jacob van Zyl
31 Oktober	Lydia Grobler, Lynette Lotter, Christiaan Ludick, Marthinus Nienaber, Anke-Mari Roets en Annalien van Rooyen

Ons wens Anna Coetzee geluk met haar 98ste verjaarsdag op Sondag 25 Oktober

TIENDEMAAND DANKOFFER

Hierdie jaar nooi ons almal uit om vandag jou tiendemaand dankoffer te gee. Kom ons, as God se fontein van liefde, dien saam - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

Hoe werk die tiendemaand insameling?

1. Jy kan in die voorportaal van die kerkgebou of die kerkkantoor ‘n tiendemaand dankofferkoevert kry wat jy op Sondag 25 Oktober of enige Sondag daarna as 10de maand dankoffer gee.
2. Jy kan ook ‘n elektroniese inbetaling in die rekening van die gemeente doen. Besonderhede verskyn hierbo. Dui asb. aan dat dit jou Tiendemaand dankoffer is.

Ons begroot hierdie jaar vir R410 000 Tiendemaand dankoffer. Ons wil graag die insameling teen einde November afsluit. Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091,

Takkode 632005

Hierdie besonderhede is ook op ‘n visitekaartjie in die voorportaal beskikbaar. Neem asb. vir jou ‘n kaartjie.

